

Indien u voorsien, kan Huis Quanessa die kinders versorg!

HOE?

U kan Huis Quanessa besoek, u kan vir die kinders en die personeel bid, u kan die personeel gaan aanmoedig en bemoedig, u kan finansieel bydra (of dit self aankoop) tot die maandelikse benodigdhede soos skoonmaakmiddels, doeke, kos en drinkgoed, seep en tandepasta.

U kan ook n vaste maandelikse bydra maak via die VoorsienVirnKind (Vi'nK)-projek. Hiermee kan u met 'n vaste bedrag maandeliks per debietorder of per internetinbetaling bydra.

Broer en Suster: **"Word asb 'n Vinkie, en voorsien vir 'n Kindjie"**.

Op hierdie wyse kan u met 'n maandelikse bedrag 'n afvlerkkindjie onder u vlerk neem en sorg dat hy of sy behoorlik deur Huis Quanessa se personeel versorg kan word.

Vir navrae oor die Vinkie-Projek:

Stuur e-pos na VoorsienVirnKind@gmail.com **of faks na** 086 668 0384

Vir navrae oor die huis en kinders, kontak Donette de Waal (die huis se bestuurder) by 083 644 5906 of die huis se stigter Jan Niewoudt by 083 273 3393. U kan ook Ds Leon Tait, wat op die Bestuursraad van Huis Quanessa dien, kontak.

Gaan kyk na 'n video oor HUIS QUANESSA: <http://youtu.be/wMMczWGdrj4>

VIR ALGEMENE BYDRAES:

HUIS QUANESSA

ABSA Ben Swart straat tak

Tjek Rek: 408 252 7226





DRINGEND BENODIG.
2 Eiendomsagente vir die Moot Area.
Ouderdom nie belangrik. Met of sonder ondervinding
Stuur CV na chris.swanepoel03@gmail.com

BOOMSLOPINGS & SNOEI
GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING
KONTAK ERNST
083 656 4992
www.treecarepta.co.za



NG Kerk Rietfontein-Suid



JAARTEMA:
IN AANBIDDING VOOR GOD **Maart 2015**

Ons Gee Om

Dis die moeite werd om vir ander mense te bid!

Liewe broer en suster, vanjaar is ons *In aanbidding voor God*, soos ons Jaartema dit verwoord.

Deel daarvan is om vir ander te bid. Maar hoe? Veral as ons partykeer (en dit mag nie!) voel dat ons nie lus is om vir sekere persone te bid nie, of voel dat hulle dit nie "verdien" nie?

In Efesiërs 2 vertel Paulus vir ons hoe die Efesiërs se lewens was voordat hulle die Here Jesus as hulle Verlosser leer ken het. **Lees Efes.2:1-3.** Nogal nie 'n mooi prentjie nie!

Maar nou hanteer Paulus hulle nie soos hulle was nie, intendeel, hy hanteer hulle soos wat hulle in die toekoms sal wees.

In Efesiërs 1:15-23 sien ons **5 gebedspunte** (*erkening aan Leefnuut.co.za hiervoor*) **WAT JY OOK KAN GEBRUIK WANNEER JY VIR ANDER BID. Hy bid**

1. Dat hulle Christus Jesus beter sal ken. "Ek dink aan julle in my gebede en vra: 17 dat die God van ons Here Jesus Christus aan julle geestelike wysheid en insig sal gee **deurdat julle Hom persoonlik ken.**"

Watter mense wil jy ten alle koste vermy? Hulle wat die lewe vir jou moeilik en sleg maak? **Maar, kan jy jou enigins indink hoe hierdie selfde mense sal wees indien hulle die Here Jesus daagliks net beter leer ken? Dis mos die moeite werd om hiervoor te bid!**

2. Dat hulle sal sien en verstaan watter wonderlike plan God met hulle lewens het. "18 Mag God julle harte so verlig dat julle sal insien watter wonderlike vooruitsig sy roeping inhou." Paulus bid dat alle kinders van God sal beseft dat God steeds 'n unieke en spesifieke plan met hul lewe het. **Kan jy jou indink hoe jou omgewing sal verander wanneer elke kind van God dit beseft en lééf? Dis mos die moeite werd om hiervoor te bid!**

3. Dat hulle sal verstaan dat daar na die dood 'n ewige lewe is. "Mag julle insien hoe 'n ryk heerlijkheid dit is dat God sy eie mense vir Hom as 'n erfdeel verkry het." (Efes.1:18)

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

Die graf spreek nie die laaste woord nie. God waarborg vir Sy kinders 'n ewige erfenis. **Kind van God, dit wat jy nou vir die Here doen, het ewigheidswaarde!** Jou aardse lewe is nie waardeloos nie. **Dis mos die moeite werd om hiervoor te bid!**

4. Dat hulle sal besef watter enorme goddelike krag [“dinamiet”] daagliks vir hulle beskikbaar is. “18 Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet... 19 hoe geweldig groot Sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag 20 wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:”

Dieselfde krag wat God gebruik het sodat Jesus uit die dood kon opstaan, is vir elke kind van God beskikbaar. Dis dinamiet! **Kind van God, hou op om te sê “ek kan nie!”**, begin om te leef met die oortuiging: “God kan.” **Dis mos die moeite werd om hiervoor te bid!**

5. Dat hulle sal besef alle Christene het net 1 Hoof, dit is Christus Jesus (Ef 1:21-23)

Paulus leer die jong en nuwe Christene: “Jesus is jou Hoof.” Hy is in beheer van ons lewe. Hy bepaal en rig dit. Dit gaan nie om “wat ék wil nie, maar wat Hý wil”. **Dis mos die moeite werd om hiervoor te bid!**

Broer en suster, God is 'n Verhoorder van gebed. Sien jy kans om hierdie 5 punte gereeld vir 5 ander Christene te bid? “Heilige Gees, help my om na aanleiding van Efes.1:15-23 gereeld, gelowig en doelgerig vir die volgende 5 persone te bid:..... In Jesus naam. Amen.

DIENSGETUIENIS-BEDIENING

Ek, Allan Prentice, is die voorsitter van Diensgetuienisbediening. Ons het 'n roeping om mense in nood by te staan; geestelik en materiële.

Ons bediening is oop vir nuwe lede, met 'n diensgetuienis roeping, om saam met ons hande te vat.

Ek is in April 2010 gediagnoseer met beenmurgkanker. My bloedtelling was te laag vir 'n beenmurg oorplanting. Januarie 2014 was my beenmurg normal sonder enige oorplanting.

Alle dank en eer aan Here ons God en baie dankie vir julle gebede.

Allan (tel 012 3313626)

Steijn
Eiendomme / Properties

Jou Huls vriend vir Altyd
SKAKEL ONS VIR

- ❖ Hulp met n markverwante prys op u eiendom
- ❖ Indien u n eiendom wil koop / verkoop

tel: 012 331 3942/3 - Cell no: 083 306 5664 (Wilhelm)
Pratesweg 520, Villieria

Sedert 2000 aktief in die Moot - Area

DIENSGETUIENIS-BEDIENING

HUIS QUANESSA

Een van die plekke waar Diensgetuienisbediening in ons gemeente betrokke is, is Huis Quanessa (op die hoek van Swemmerstraat en 12de laan).

Huis Quanessa is 'n spesiale versorgingshuis wat fokus op kinders met verskillende grade van gestremdhede. **Kinders van enige ouderdom, geslag en ras word hier versorg.**

Huis Quanessa het in 2003 ontstaan toe 'n gestremde dogtertjie met die naam **Quanessa** dringend versorging benodig het. Dit het gelei tot vandag se huis vol kinders.

Die holistiese omvang van die versorging van die kinders dek o.a. verpleging, stimulasieprogramme en voorsiening in gespesialiseerde voedingsbehoefes. Dit plaas die huis onder erge finansiële druk, en dit vra baie persoonlike aandag, tyd en liefde vanaf Huis Quanessa se personeel.

Huis Quanessa kry slegs vir enkele van die kinders staatshulp, en is verder **aangewese op mense soos u wat 'n bydrae kan maak tot die maandelikse uitgawes** tov die kinders se versorging.



FAMILIE-BEDIENING

WEES 'n GETUIENIS

–ons gemeente se kinders is 'n lewende getuie van die krag van vertroue op Jesus ons Here!

Ek is sedert die begin van die jaar (2015) deel van die kleuter / kinderkerk deurdat die juffrouens my gevra het om nou-en-dan die kinderkerk te open met 'n storie van Jesus, of om iets te vertel wat Jesus gedoen het. Ek deel graag my belewenis van hierdie afgelope paar se gebeure. Jesus het gesê dat die Koningkryk van God behoort aan mense wat glo soos kinders:

Ek het ervaar dat die kinders, veral die kleintjies (al is hulle so klein) baie goed die implikasies van 'n lewende geloof verstaan. Hulle is lewende getuie van 'n praktiese vertroue op die Here, en hulle pas toe wat Jesus gesê het. Wanneer 'n mens byvoorbeeld vir die kinders vra wie Jesus is, dan gaan sommer al die handjies op en een na die ander sê dat Jesus die Seun van God is!

As jy vir hulle vra waar 'n mens hulp kan kry vir 'n maatjie of oupa of sussie wat siek is, dan sê almal soos een kind dat jy natuurlik vir Jesus kan bid! Hulle verstaan selfs wat dit beteken om in die lig of donker te lewe, en wat dit beteken om vrug te dra!

Ek is ook opreg dankbaar vir die kinderkerk se onderwysers wat onder leiding van die Heilige Gees en met opregte liefde en omgee, met 'n pragtige nuwe ODOS handleiding (Dit staan vir "Die Weg...") met treffende Bybel verhale, daardie tere en lewende geloof in ons gemeente se kinders help wakker maak! Die Here 'voeg ook daaglik nuwe kindertjies by die kinder gemeente' – sedert Januarie het die getalle van ongeveer 40 na 60 aangegroei! Ek loof ons Here wat die geloof in die kleintjies in ons gemeente se harte laat groei! - Ons klein-tjies glo regtig soos kinders en is inspirerende getuies van die geloof wat in hulle lewe!

Ons visie: OM KWALITEIT VERHOUDINGE IN FAMILIE VERBAND TE VERSTERK EN TE VERBETER!



Peet Dorfling

OMGEE-BEDIENING



WAT SÊ DIE BYBEL OOR OMGEEGROEPE?

Alhoewel Jesus uitgereik het na die menigtes en vir hulle gepreek het, het Hy die meeste van Sy tyd aan 'n kleingroep van twaalf dissipels bestee. Hy het hulle geleer om die Skrif te verstaan, te bid, te getuig en in hulle midde het Hy die Nagmaal ingestel. Die eerste

Christene het getrou saamgekom en het in huise vergader (Hand 5:42, 20:7-12 en: 21-21).

Ons as kinders wat uit die Hemelse Vader wedergebore is, is broers en susters van mekaar en het daarom 'n verantwoordelikheid om vir mekaar te sorg, lief te hê en om te gee (Rom 8:14-17, Ef 2:19, 1 Tim 3:15).

Die geheim om mekaar lief te hê is om in mooi verhoudinge met mekaar saam te lewe. Verhoudinge ontwikkel waar daar tyd spandeer word aan mekaar. Waar ons meer tyd het vir mekaar, ontwikkel daar 'n openheid en 'n vertroulikheid wat maak dat ons ons behoeftes vir mekaar oopmaak. Eers dan kan ons mekaar dien en met ons gawes mekaar help en uiteindelik groei ons so geestelik.

WAT IS DIE SEËN EN VRUG VAN OMGEEGROEPE?

- Koinonia kom tot sy reg,
- Warmte van samesyn word in kleingroep geskep,
- Liefdevolle, huislike atmosfeer heers - nie 'n geslote "kliek" nie!
- Mense begin "oopmaak" en mekaar met hul liefdegawes bedien,
- Betekenisvolle geestelike vriendskappe/nuwe geestelike bande word gesmee: Groep word soos huisgesin van God (1 Tim. 3:15; Efes. 2:19),
- Omgee word toegepas in die praktyk en mekaar se laste word gedra (Gal. 6:2),
- Opdrag wat die Here aan sy kinders gee om mekaar lief te hê,
- Ondersteuning in hartseer teleurstellings en dood,
- Bespreking en gebed vir moeilike besluite,
- Hulp aan die wat hul werk verloor.

--- DATUMS VAN BELANG ---

- ♦ **15 Maart:** Lofprysingsdiens
- ♦ **21 Maart:** Vakansiedag (Menseregtedag)
- ♦ **22 Maart:** Youthbash @ 18:00
- ♦ **25 Maart:** Skole sluit

Sien jou daar!

LIDMAAT-BEDIENING

NUWE INTREKKERS - FEBRUARIE 2015



Nico & Jeanette Badenhorst




Dawie & Marietjie Theron



Lalaine Schwemmer, Jaklin,
Antone & Luane



Dawie Jacobs



Jacques, Stephanie, Taryn & Stephan
vd Zee



Riaan van der Walt

AANBIDDINGS-BEDIENING

Ons is die bediening wat fokus op gebed, eredienste, musiek en al die sake rondom die dienste. Dit is vir ons baie lekker om te kan deel met die gemeente, al die ou en nuwe sake wat ons aanpak. Ons sien uit om die saak van gebed te bevorder en het ook nuwe lede bygekry wat deel vorm van verskeie aspekte soos bv. die gebedspan. Alet Briers is in beheer van hierdie span en ons nooi ook graag lede van die gemeente wat 'n passie het vir gebed om deel te raak van hierdie span! Marisa Huyzers is die verteenwoordiger van die jeug op die gebedspan, en wil ook meer van ons jongmense betrek.

Ons wil u ook graag bewus maak van die nuwe gebedsblaaitjie wat elke laaste Sondag van die maand saam met die Rietnuus uitgedeel gaan word en wat beskikbaar sal wees by die deure. Ons moedig u aan om enige gebedssake of behoefte aan gebed, vir uself of iemand wat u ken, in te vul op dié kaartjies. Asook enige belangstelling om betrokke te raak by verskeie aksies van die gemeente. Dit kan dan in die kollektebordjie of gebedsmandjie gegooi word en ons tree graag dan vir hierdie sake in.

Belangrike datum: 5 APRIL 2015 - 18:00

Ons wil u graag nou reeds bewus maak van die ekumeniese nagmaal tydens paasnaweek. Dit word by ons gemeente gehou die aand van die 5de April! Dis vir ons 'n baie belangrike geleentheid en ons wil graag die hele gemeente nooi, asook vriende en familie! Daar word baie moeite gedoen rond-om hierdie erediens en baie mense van buite die gemeente word ook genooi. Ons sien uit om hulle en u daar te ontvang en saam eer aan die Here te bring!

Baie liefde en omgee
Die Aanbiddingsbediening

